

Advertensie-artikel

Oumas tree vandag nie meer op 65 af nie . . .

Richus Nel

Ek het onlangs die voorreg gehad om 'n spoggerige geldinsamelingsgeleentheid vir die Newborns Trust Groote Schuur by The Bay-hotel by te woon. Dit was 'n aand gelaai met onwerklike verhale van uitdagings, deursettingsvermoë, asook die emosionele tuimeltrein van ouers en vroeggebore babas.

Vroeggeboorte is natuurlik nie iets waarmee mense op hul mou loop en alledaags bespreek nie. Dit moet eers met jou gebeur, dan vind jy vinnig uit hoeveel ander is of was in dieselfde bootjie as jy. Vroeggeboorte ken geen kleur of status nie, dit gebeur met enige een – in so 'n geval benodig 'n mens

mediese bystand, ongekenende deursettingsvermoë en heldemoed. Alles word in die stryd gewerp om 'n onbekende toekomspotensiaal van elke kind te ontsluit. Gaan kyk na www.newborns.org.za.

Een so 'n vroeggebore baba is ons eie Wayde van Niekerk. Wayde is op slegs 29 weke gebore en het ongeveer 1 kg geweeg. Hierdie seuntjie het met bystand normaal ontwikkel. Hy verbeter op 'n 24-jarige ouderdom die 17 jaar lange wêreldrekord van Michael Johnson (atletiekster) in die 400 m by die Olimpiese Spele in Rio in 2016. Om hierdie prestasie te bevestig, gaan loer weer na Michael Johnson se atletiekrekord

Afrigting en leiding

Wayde se uitsonderlike sukses plaas ook die kollig op sy afrigter tant Ans. Tant Ans het volgens Wayde 'n uitsonderlike vermoë om na haar atlete te luister (na enige hartsake) en daarvolgens die dag se oefenprogram te beplan. Tant Ans rig al van 1960 atletiek af en het as 70-jarige Wayde onder haar vlerk geneem. Tant Ans se loopbaanhoogtepunt (Wayde se goue medalje) kom eers in die ouderdom van 75. Wie weet wat individue vandag kan bereik as hulle nie volgens tradisie op 65 aftree nie.

Finansiële lesse:

► Almal begin nie op dieselfde plek nie (inaggenome finansiële welstand);

► Goeie afrigting help “finansiële atlete” hulle hoogste potensiaal bereik;
► Harde werk, gedissiplineerde toepassing van welbeproefde finansiële beginsels, is geneig om finansiële agterstande in te haal;
► Vertroue tussen “afrigter” en “atleet” maak 'n groot deel van die finansiële wenresep uit.

Maak seker jou “finansiële afrigter” gee jou finansiële vlerke. Indien suksesvol, kan jy self besluit wat jy ná die ouderdom 70 of 75 doen.

► *Richus Nel is 'n Finansiële Beplanner by Brenthurst Wealth. Vir nadere besonderhede kontak hom op richus@brenthurstwealth.co.za of 021 882 8706.*